# 4. Kontekstuele vrae

## Wie is Ewald?

Vanaf bladsy 4-7 is daar ’n lekker opsomming van Ewald se karakter. Teks en grafika word saam aangebied en kan as ’n visuele teks gebruik word.




1. Waar kry ’n mens gewoonlik ’n profiel met inligting oor akteurs?
2. “Fliekvlooi” is die naam van ’n rubriek. Wat beteken dit om ’n fliekvlooi te wees?
3. Hoe sluit die manier waarop Fliekvlooi geskryf is, goed aan by die woord Fliekvlooi?
4. Ewald is ’n akteur en ’n waaghals.
   - 4.1 Wat doen ’n waaghals?
   - 4.2 Kan jy ’n waaghals word as jy maklik bang word?
   - 4.3 Watter woord sê vir jou dat Ewald eintlik net ’n leerder soos jy is?
5. Wat beteken die idioom “Nie ’n bang haar op sy kop nie”?
6. As jy ’n rol “losgeslaan” het, beteken dit jy het die rol ________.
7. Wat is die verskil tussen ’n **waaghals** en ’n **aksieheld**?
8. Ewald het baie gunstelinge waarvan hy hou!
   Watter van Ewald se gunstelingdinge hou jy ook van?
9. Hoekom, dink jy, maak dit sin dat Ewald se gunstelingfliek *Spider-Man* is? Verduidelik jou antwoord.
10. Kyk na die uitleg van die bladsy. Waaraan herinner dit jou?

## FLIEKVLOOI PROFIEL

### Ewald in sy eie woorde

1. "... in sy eie woorde" beteken dat Ewald ____.
2. Waarom, dink jy, is daar 'n prentjie van 'n luidspreker? Wat sê dit vir jou?
3. Sonder dat jy hoef te lees, hoe weet jy dat Ewald iets oor meisies en spinnekoppe gaan sê?
4. Haal elke keer woorde aan om die volgende stellings as WAAR te bewys:
    - 4.1 Haal EEN woord aan wat bevestig dat Ewald nie 'n meisie wil hê nie.
    - 4.2 Haal TWEE woorde aan wat bevestig dat Ewald nie tans saam met ander leerders skoolgaan nie.
    - 4.3 Haal VIER woorde aan wat sê dat Ewald en Cardo mekaar al baie lank ken.
    - 4.4 Haal EEN woord aan wat sê dat Ewald en sy pa dieselfde ding doen.
5. Wie se woorde is die woorde wat in vetdruk geskryf is?

## STERNUUS

Alles oor flieks, TV en musiek

1. Wat dink jy is "Sternuus"? Waar gaan 'n mens hierdie kry?
2. In watter afdeling het die resensie van die fliek *Aksieheld Austin: Operasie Sabotasie* verskyn? Verduidelik jou antwoord.
3. Kies die regte antwoord:
   "Binnekort" beteken:
    - a) een van die weke
    - b) een van die maande
    - c) een van die dae
    - d) een van die jare

4. Daar is ’n foto van Austin wat sê: “Nou gaan die vuiste klap!”
   4.1 Hoe word sy woorde visueel beklemtoon?
   4.2 Wat word dit genoem as daar “DOEF!” staan?
   4.3 Waaruit kan jy aflei dat Austin besig is om te beweeg?
5. Word die volgende letterlik of figuurlik bedoel? Verduidelik jou antwoord.
   “Die gewilde Aksieheld Austin-strokiesprente **ontplof** binnekort op die groot skerm.”
6. Die fliek waarin Ewald gaan speel, is op die *Aksieheld Austin*-strokiesprente gebaseer.
   6.1 Verduidelik wat ’n **strokiesprent** is.
   6.2 Watter een is vir jou lekkerder om te lees: ’n strokiesprent of ’n boek? Gee redes vir jou antwoord.
7. Haal VYF woorde aan wat sê dat meisies baie van Ewald as Austin gaan hou.
8. Watter werk doen Pedro du Pont?
9. Kan jy ’n sinoniem vir “booswig” gee?
10. Haal VYF woorde aan wat sê dat Leo Uys ’n ervare en bekende akteur is.
11. Wie is die “ons” in die laaste sin op bl. 7?
12. As die “ons” agter die skerms gaan inloer, gaan hulle met Ewald of Austin gesels? Verduidelik jou antwoord.




# 5. Antwoorde

## Wie is Ewald?

1. Jy sal dit in koerante, tydskrifte of op die internet (op webblaaie) lees.
2. Jy is iemand wat baie van flieks hou.
3. Die woord is in ’n filmnegatief geskryf.

4.1 ’n Waaghals is iemand wat gevaarlike dinge waag, soos om baie vinnig teen ’n steil afdraand met ’n fiets te ry sonder om die stuurstang vas te hou. Dit is iemand wat van adrenalien hou en nie bang is nie. Wanneer dit jou beroep is, doen jy gevaarlike toertjies wat die gemiddelde mens nooit sal doen nie. As jy na ’n fliek soos *Mission Impossible* kyk, sal dit ’n waaghals wees wat uit ’n vliegtuig spring, nie die akteur nie.

4.2 Nee. ’n Waaghals kan nie bang word nie, want dan gaan hy nie toertjies kan doen nie.

4.3 “doodgewone”

5. Hy is vir niks bang nie.
6. gekry
7. ’n **Waaghals** is iemand wat die toertjies op ’n filmstel doen waarvoor die akteur nie kans sien nie. Dit kan ook iemand wees wat nie op filmstelle werk nie, maar bekend raak vir die gevaarlike goed wat hy/sy doen, soos byvoorbeeld om deur brandende hoepels met ’n fiets te spring.
   ’n **Aksieheld** is ’n akteur wat die hoofrol in ’n film speel wat vol aksie, gevaar en avontuur is.
8. Leerder se eie antwoord.
9. *Spider-Man* is ’n aksiefliek vol gevaarlike toertjies en baie aksie. As waaghals sal hy beslis aanklank vind.
10. Dit lyk soos ’n strokiesprent of ’n grafiese roman. Die blokkies en praatborrels is tipiese elemente.

## Ewald in sy eie woorde

1. self vertel/praat/sê.
2. Dit sluit aan by die idee dat Ewald self praat. Ons lees sy antwoorde. Die ikoon word ook gebruik om aan te dui wanneer Ewald die vraag beantwoord.
3. Daar is prentjies van ’n meisie se lippe en ’n spinnekop met erge lang bene.

4.1 “jig”
4.2 “privaat klasse”
4.3 “vandat ek kan onthou”
4.4 “ook”

5. Dit is die joernalis se woorde.

## Sternuus

1. Dit lyk of dit ’n webblad kan wees omdat daar verskillende afdelings is waarop jy kan klik. “Tuis” impliseer ook die tuisblad van die webblad. Daar staan ook “alles oor flieks, TV en musiek”, so dit is ’n plek waar daar baie inligting is.
2. In die “Nuus”-afdeling. Dit is in ’n donkerder blokkie met ’n pyltjie na onder.
3. c) een van die dae

4.1 Sy vuiste is gebal en dit lyk of hy sopas iemand geslaan het. Sy hande swaai ook asof hy iemand slaan.
4.2 Dit is klanknabootsing. Die woorde word in strokiesprente gebruik om klank na te boots.
4.3 Daar is ’n wit beweegstreep wat wys dat sy regterarm van langs sy sy tot skuins voor sy lyf beweeg het. Die wolkies kan aandui dat daar moeilikheid (’n geveg) is, en dat hy iemand getref het. “DOEF!” dui aan dat hy wel getref het.

5. Figuurlik. Dit beteken dat die fliek in teaters gewys gaan word en dat mense mal daaroor gaan wees. Baie mense gaan daarna kom kyk.

6.1 ’n Reeks getekende prentjies wat ’n storie uitbeeld. Daar word ook kort teks bygeskryf.
6.2 Leerder se eie antwoord.

7. “in meisies se harte kruip”
8. Hy is ’n regisseur. Hy maak flieks.
9. skelm, skurk, kwaaddoener, misdadiger, boef

10. “bekend vir sy vorige films”
11. Die joernalis van die artikel en ook die redaksie van *Sternuus*.
12. Hulle gaan met Ewald gesels. “agter die skerms” beteken jy gaan kyk na die mense wat in die fliek speel en jy kyk hoe hulle gereedmaak vir ’n toneel, ensovoorts.